# Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

Grendelstaat
Nuusbrief 12
10 Sept 2020

## Uit die Hoof se kantoor

Waar ons in die middel van hierdie kwartaal se aktiwiteite kom, kan ons terugkyk en besef dat ons skool op vele terreine besonder geseënd is. Alhoewel ons besef dat alles met harde werk van ons personeel en leerders gepaard gaan, wil ek ook ons ouers hartlik bedank vir die belangstelling in ons skool asook die samewerking en ondersteuning wat u ten alle tye verleen in die groot taak wat verrig word met die opvoeding van ons kinders.

**Langnaweek 24 - 27 September**: Ons wil alle ouers inlig dat die skool toestemming vanaf die Departement van Onderwys ontvang het om die skool op **Vrydag**, **25 September** te sluit aangesien Donderdag, 24 September 'n publieke vakansiedag is. Die skool sluit op Woensdag, 23 September (gewone tyd 13:40) en daar sal dus geen onderrig op 25 September plaasvind nie. U kan 'n welverdiende langnaweek saam met u gesin geniet.

**Alle ouers word vriendelik uitgenooi na die Algemene Jaarvergadering wat op Woensdag, 7 Oktober 2020 om 18:00 aanlyn sal plaasvind. Die vergadering sal in die vorm van 'n webinaar gehou word. Die begroting vir 2021 word aan u voorgehou vir goedkeuring. Sien ons skrywe op d6.**

*"Skat jou bekwaamheid te min om mee te spog en jou karakter te hoog om mee te speel. Op die manier sal jy jou selfrespek bewaar en die respek van jou ewemens verseker.."*
*~ C.J. Langenhoven*

## Oggend-skandering

Vanaf Maandag, 14 September hoef u nie meer die papiertjies in te vul en saam met u kind skool toe te stuur nie. Sanitering en temperatuurmeting sal by die hekke gedoen word, en slegs indien 'n leerder se temperatuur bo 38°C bly na 'n ruk in die afkoelarea, sal die leerder in die kwarantyn area gehou word totdat die ouers hom/haar kom oplaai.

Die verskillende grade maak steeds van dieselfde hekke gebruik tussen 07:00 en 07:30 in die oggend en verlaat die skool deur dieselfde hekke in die middae.

## Kultuurweek 10 – 22 September

Die Swarrie-Kultuurweek het suksesvol afgeskop met voorbereide lees. 'n Paar praktiese reëlings waarvan u moet kennis neem is soos volg:

**Toegang tot skoolterrein**: Hek 4 (voor die graad 4 en 5 klasse) sal oop wees waar deelnemers op- en afgelaai kan word.
**Toeskouers**: Ongelukkig word toeskouers nie toegelaat nie, slegs die deelnemer en beoordelaar is tydens deelname in die lokaal.
**Tye van deelname**: Die tydgleuwe sal aan die deelnemers gekommunikeer word.
**Kleredrag**: Skooldrag, behalwe vir Drama, Instrumentaal, Dans en Sang waar deelnemers gepaste klere kan aantrek wat by hul tema pas.

Die res van die program is soos volg:

- Kreatiewe Taal – Vrydag, 11 September - Juf. Annelize van der Merwe
- Instrumentaal – Maandag, 14 September- Juf. Rejeanne Kruger
- Redenaars – Dinsdag, 15 September - Juf. Riekie Bornman

- Dans – Woensdag, 16 September - Juf. Claris Coetzee
- Fotografie – Donderdag, 17 September - Juf. Suzet Groenewald
- Kuns – Vrydag, 18 September - Juf. Karien Geyser
- Drama – Maandag, 21 September - Juf. Trudi Piekaar
- Sang – Dinsdag 22 September - Juf. Meleney Barnes

Baie dankie en sterkte aan elke leerder wat aan die Kultuurweek deelneem.

## Graad 7 2020 "Jerusalema Challenge"

Aangesien 2020 se graad 7-groep uitgemis het op so baie hierdie jaar, het die graad 7 personeel dit goedgedink om die "Jerusalema Challenge" met hulle te doen. Ons wil graag hê dat hulle iets 'spesiaals' moet onthou van 2020. Ons dink ook dit sal goed wees vir hul 'gemoedere'.

Ons gaan Groep A en B apart afneem, maar op die video gaan albei groepe saamgevoeg word.

- **Groep A** OEFEN op Dinsdag, 15 September en word op Donderdag, 17 September OPGENEEM.
- **Groep B** OEFEN op Woensdag, 16 September en word op Vrydag, 18 September OPGENEEM.

Die finale video word dan op 'Facebook en Youtube' geplaas. Die skool gaan 'n aktiwiteitesperiode voorsien vir hierdie oefeninge. Akademiese tyd sal nie verlore gaan nie.
Baie dankie vir u samewerking in die verband.

## Somersdrag en Tweedehandse klerewinkel

**Skenkings** - Daar is steeds 'n groot behoefte aan tweedehandse skoolklere in die klerewinkel (klein en groot nommers) en daarom vra ons dat ouers enige skoolklere wat te klein geword het vir die skool se klerebank sal skenk. U kan dit na die Adminkantoor toe stuur.

**Swarriedrag** - Leerders dra Swarriedrag vanaf Vrydag, 11 September. Die Swarrie-hemp word gedra saam met 'n netjiese denimbroek (Driekwart- of langbroek) met tekkies of kaalvoet. Sien asseblief toe dat u kind netjies vertoon.

**Klerewinkel** - Indien u items by ons klerewinkel wil aankoop kan u vir Me Hanlie Beukes (083 456 7644) kontak en 'n afspraak met haar maak aangesien ons nie met die huidige inperkingsmaatreëls besoekers op die skoolterrein sonder afspraak kan toelaat nie. Die skool se klerewinkel verkoop tweedehandse skoolklere teen 'n baie billike prys.

## Bywoningsrooster tot 2 Oktober

**Oggende:** **Alle leerders moet tussen 07:00 en 07:30 afgelaai word asb. Hekke sluit stiptelik 07:30.**

**Middae:** **Skool verdaag elke dag 13:00 (Gr R-2) en 13:40 (Gr 3-7). ALLE hekke sluit om 14:00.**

| Dag van die Week | Groep by die skool | Roosterdag (Gr 4-7) |
|---|---|---|
| **Maandag 14 Sept** | B | Dag 2 |
| Dinsdag 15 Sept | A | Dag 3 |
| **Woensdag 16 Sept** | B | |
| Donderdag 17 Sept | A | Dag 4 |
| **Vrydag 18 Sept** | B | |
| **Maandag 21 Sept** | A | Dag 5 |
| Dinsdag 22 Sept | B | |
| **Woensdag 23 Sept** | A | Dag 6 |
| Donderdag 24 Sept | - | **Erfenisdag** |
| **Vrydag 25 Sept** | - | **Skoolvakansiedag** |
| **Maandag 28 Sept** | B | Dag 6 |
| Dinsdag 29 Sept | A | Dag 1 |
| **Woensdag 30 Sept** | B | Siklus 1, **Kwartaal 4** |
| Donderdag 1 Oktober | A | Dag 2 |
| **Vrydag 2 Oktober** | B | |

## Swarrie Engele – Kruideniersware projek

Baie dankie vir die skenkings wat ons reeds ontvang het. Indien dit vir u moontlik is, ontvang ons graag nog enige van die volgende items:

Mieliemeel, koekmeel, blikkies tamatie- en uie sous, pasta, rys of soppoeier, vars groente wat lank hou soos aartappels, wortels, pampoen, blikkiesvleis, -groente of tuna, ontbytpap, koffie/tee, lang-lewe melk, suiker, toiletpapier, badprodukte, sanitêre ware ens.

## Vleispakkette te koop – Beste pryse!

U kan nou vleispakkette van ons borg, Beefcor aankoop deur die skool.
Meer inligting is op **d6** beskikbaar of **kliek** op die foto hieronder vir die bestelvorm:

## Mnr Marius se Fietsry Piekniek 10 Oktober

## Skoolhoof se verjaardag

Meneer Munnik verjaar op Woensdag, 23 September. As gevolg van die inperking kan ons ongelukkig nie die dag soos ander jare vier nie, maar gee ons graag die volgende reëlings aan u deur:

- 23 September is 'n gewone skooldag;
- Die leerlingraad maak vir Meneer Munnik 'n kaartjie en sal dit saam met 'n geskenk van die skool en gepaste gelukwensinge op die oggend aan hom oorhandig.

Baie dankie vir u ondersteuning. Ons vertrou dat alles volgende jaar weer na 'normaal' sal terugkeer.

*Tot ons mekaar weer ontmoet!*

**M VAN DER MERWE**
**SKOOLHOOF**